## Coetzee, S F 1995 — South Africa's second liberation: How to make reconstruction and development work

PU vir CHO: Instituut vir Reformatoriese Studies (Reeks F1, nommer 328). 11 bladsye. Prys onbekend.

### Resensent: Ds P de Kock

Die skrywer erken uit die staanspoor dat Suid-Afrika 'n wonderbaarlike oorgang na 'n politieke demokrasie ondergaan het, maar volgens hom bestaan die uitdaging nou om 'n stabiele demokrasie daar te stel wat in staat sal wees om al die verskillende politieke aspirasies te akkommodeer. Die populêre opvatting dat politieke demokrasie outomaties die omstandighede vir ekonomiese ontwikkeling en groei sal skep, is volgens hom verkeerd bewys.

Die tweede bevryding sal op sosio-ekonomiese gebied moet plaasvind, naamlik heropbou en ontwikkeling. Die skrywer voorsien egter talle probleme op hierdie weg, aangesien die jaarlikse bevolkingsgroei die ekonomiese groeikoers oortref. Verder is daar nog die nuwe vlaag van verstedeliking wat lei tot informele nedersettings wat weer groter druk op watervoorsiening en ander munisipale dienste uitoefen. Werkloosheid, geweld en armoede is van die ander probleme wat aangespreek sal moet word om hierdie tweede bevryding te laat slaag. Aan die positiewe kant beskik Suid-Afrika volgens hom oor een van die beste infrastrukture in die kontinent, uitstekende sentra vir onderrig en navorsing en 'n hoë vlak van tegnologiese ontwikkeling.

Volgens die skrywer is die groot vraag watter basiese behoeftes aangespreek sal moet word om die grootste impak op ekonomiese groei uit te oefen. Streeten en Burki het reeds in 1978 vyf kerngebiede geïdentifiseer, naamlik drinkwater en riolering, voeding, beskutting, gesondheid en opvoeding.

Die skrywer maak 'n paar welkome kritiese opmerkings teen die einde van die artikel. Dit is vir hom duidelik dat die sentrale regering 'n leidende rol in die implementering van die hele program sal speel, maar dit bekommer hom dat die regering dalk die basiese behoeftes gaan bepaal en nie die gemeenskappe self nie. Dit is vir die skrywer belangrik dat heropbou en ontwikkeling 'n mensgedrewe projek van onder af moet wees. Daar moet volgens hom gewaak word teen geïnstitusionaliseerde liefdadigheid waarin die gemeenskappe van aalmoese leef. Dit gaan vir hom oor die basiese keuse: liefdadigheid of ontwikkeling van mense? En hierdie ontwikkeling moet geskied ten behoewe van en deur die mense. Die mense moet self aktief hierby betrokke wees en hulle moet tot groter selfstandigheid gelei word as daar van ware en blywende ontwikkeling sprake wil wees. Plaaslike inisiatief moet nie gesmoor word nie, maar behoort eerder aangemoedig te word tesame met vennootskappe uit die privaatsektor.

Kerkrade, predikante en individue wat hulleself geroepe voel om 'n bydrae in die agtergeblewe gemeenskappe te lewer, kan gerus hierdie aktuele artikel onder oë kry.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services